durbanville-bergsig gemeente · sy ligdraers

# Bergsig Boodskap

24-31 Maart 2019




## 24 Maart 2019, 4de Lydensweek

09:00 **Familiediens**
Ouditorium
*Dr. Kobus de Jager*

**Deuroffer: Menges-Gesin Duitsland**

## 31 Maart 2019, 5de Lydensweek

09:00 **Familiediens**
Ouditorium
*Ds. Schalk van Wyk*

**Deuroffer: Trans Wêreld Radio**

**Meer TERUGVOER oor die PLAASFEES SAL 7 April gebeur wanneer skole oop is.**



## NUUS:

30 Maart: Betesda-mark
2 April: Skole open
7 April: Doop, Preekreeks Triniteit: Seun
9&10 April: Personeel wegbreek
16 April: Nuwe lidmate verwelkoming
18 April: Senior Huisbesoektee
18 April: Lydensnagmaal 19:00
19 April: Goeie Vrydag 9:00
21 April: Paasfees
18 -21 April: Heuningvlei Familiekamp & Uitreik
23 April: Doopkategese
27 April: Betesda-mark

# TUSSEN DIE DORINGS OF IN DIE GEUR VAN ROSE?

Daar is min dinge wat so seer is, as wanneer jy in 'n doring trap of doringtakke jou krap, maar aan die anderkant is daar min dinge wat so heerlik ruik soos 'n outydse roos uit jou ma of ouma se tuin.

Dink net daaraan, dit kan jou meevoer met die mooiste, mooi herinneringe en tog weer aan die anderkant kan julle almal onthou waar jy die seerste gesteek is deur 'n doring!!

Die lewe werk ook so. Ons kry seer en onthou dit vir altyd.

Ons kry lekker en onthou dit ook vir altyd.

Die vraag is vandag: kan jy die rose ruik terwyl die dorings jou krap?

Is jy in staat om die groter prentjie te sien?

Jesus het te midde van sy leiding Sy oog op God en die groter prentjie vir die wêreld gehou. Hy was diensbaar en het homself nie van die kruis gered nie, ter wille van ons, maar beslis om God te EER.

Kom ons wy onsself weer toe aan die wonderlike God met die Ewige geduld.



## Paasprogram

18 April Lydensnagmaal
Mesiaanse Pasga Familie

19 April Goeie Vrydag Klassiek

21 April Paasfees Jubelend



Kinders wat Glo en Leef met Omgee in ons Wêreld

GlowKidz is opgewonde om met 'n kindererediens tydens ons vroeë klassieke diens te begin op 7 April 2019. Ons besef dat daar ouers is wat graag die klassieke diens wil bywoon of bloot verkies om vroeër op 'n Sondag kerk toe te gaan. Daarom gaan ons die 10:00 Glowdiens nou ook om 8:15 aanbied in die saal. Aangesien ons leiers om 10:00 aan diens is sal die kinders vir eers tydens die 8:15 diens nie na onderskeie klasse verdaag nie, maar sal die klaslesse in die saal aangebeid word met dieselfde aktiwiteite en materiaal. Elke Glowkid sal dus met dieselfde boodskap by die kerk uitstap, ongeag watter diens hy of sy bywoon.Vir navrae, kontak gerus vir Stephanie by juniorjeug@bergsigdv.co.za of 0832787111.

## BABA- EN KLEUTER-FASILITEITE

Langs die dames badkamer oppad na die gallery is 'n lokaal ingerig vir ouers met **babas tot een jaar**. Die erediens kan steeds gevolg word deur eenrigting glas.

**Vir ons peuters (1-3 jaar)** het ons 'n speellokaal agter die verhoog van die ouditorium. Die lokaal is spesifiek ingerig vir peuters met ouderdomstoepaslike speelgoed en 'n familiebadkamer met 'n doekruilstasie (baba's is ook welkom daar). Die diens word uitgesaai na hierdie lokaal. Ouers kan ook van ons oppasdiens gedurende die klassieke en informele diens gebruik maak in die lokaal. Elke peuter sal 'n nommer ontvang sodat, indien nodig, 'n ouer gedurende die diens in kennis gestel kan word sou sy/haar kind hom/haar benodig. Oppassers is vrywilligers uit die gemeente wat op hierdie manier dien.



**Om vrywillig deel te word van die kerk se algemene WhatsApp 'broadcast' groep stuur jou naam en van na:**
**071 529 9491**

## DURBANVILLE/ Bergsig Seniorgroep

Lede wat deel is van die uitstappie op Donderdag 28 Maart 2019 na Houtbaai word herinner dat die bus om 10:00 vanaf Bergsig Gemeente sal vertrek.

## DURBANVILLE-BERGSIG: VAKANTE POS - LOFLEIER

Persone wat by die informele erediens leiding kan neem met lof-en-aanbidding deur musiek, is welkom om aansoek te doen.

Die volgende sal van so 'n lofleier verwag word:

- Kan self sing en 'n musiekinstrument bespeel.
- Met selfvertroue en gemak voor 'n gehoor optree.
- Goeie menseverhoudinge handhaaf en goed in spanverband funksioneer.
- Oor nodige musikale vaardighede beskik om "chord sheets" te kan opstel.
- Op sekere Sondae die musiek in die kerk lei saam met die orkes asook die voorafgaande orkesoefening beplan en lei.
- Kennis van geestelike musiek asook klank en beeldondersteuning word sterk aanbeveel
- Intergrale betrokkenheid by erediensbeplanning, liedkeuses wat aansluit by teks en tema, sirkulering van bladmusiek/chord sheets aan orkeslede en kommunikasie soos per riglyne met ander partye betrokke by erediens.

Lofleiers word per speelbeurt vergoed.

Indien verdere inligting verlang word, kan ds. Johan Els gekontak word by ds.johan@bergsigdv.co.za of 021 976 4106.

Aansoeke kan gerig word aan die voorsitter van Diensverhoudinge jmnieuwoudt@icon.co.za teen 5 April 2019.